

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 174

(Maart 1983)

Verlos en nie Verlore

* * * * *

"Lei ons nie in die versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose"

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

SELFONDERSOEK IN VERSOEKING

Ons bevind ons in hierdie uitgawe by die bede van die Onse Vader wat lui: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose."

Ja, let op, ek **bid** tot God: "Lei ons nie in versoeking nie ..." En hoe maklik struikel ons oor hierdie saak — ons verstaan en begryp dit nie altyd ten volle nie: God! . . . kan Hy my versoek? Dit kan tog nie ... of kan dit?

Sê jy miskien: **Ja?** Ja, want dis tog logies:

- daar **is** versoekinge. . .
- elke mens word versoek. . .
- selfs Christus was versoek. . .

O ja, want ons moet nie te idealisties wees nie:

- ons leef onder die mag van die sonde. . .
- telkens ervaar ons die knellinge van sonde. . .
- telkens word ons bedreig met geestelike doodsheid. . .
- ons is tog nog nie in Kanaan nie. . .
- nee, ons is nog oppad, nog in die woestyn. . .

Goed en reg . . . maar is dit dan God wat versoek? Kan dit? Sekere mense wil dit beweer. God versoek, sê hulle, daarom leer Christus ons bid, vurig bid: "Ag Here, moet my tog nie in versoeking lei nie!"

Is dit God wat versoek?

Nee . . . nogmaals nee!!

Kyk bietjie wat sê Jakobus in hoofstuk 1 vers 13: "Laat niemand, as hy in versoeking val, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self **versoek Hy niemand nie.**"

Sien jy? God **versoek niemand nie!**

En tog bid ons: "Lei ons nie in versoeking nie."

Hoe nou?

Versoeking, my geliefde leser, het twee betekenisse in die Bybel:

- die een negatief of ongunstig . . .
- die ander positief of gunstig. . .

In die eerste plek - negatief gesien:

In die ongunstige betekenis van die woord tree die **Duiwel** op as versoeker. So versoek hy

- Adam en Eva in die paradys. . .
- mense in 'n poging om hulle weg te rokkel van Christus en sy kerk. . .
- selfs vir Christus.

Sien jy? Waar die duiwel en sonde is, word versoeking in die negatiewe sin gebruik. Dan

beteken dit:

- om te verlei. . .
- weg te lok tot sonde en kwaad. . .
- sonde as goed en reg voor te hou. . .
- in opstand te bring teen God.

En positief?

Dan beteken dit iets heel anders, naamlik:

- beproef. . .
- te bring tot goeie werke. . .
- te lei tot geloof . . .
- liefde tot God te ontketen. . .

Ja, dan vertaal ons hierdie woord met: **Beproof.**

Dus: God beproef . . . maar **versoek** nooit.

Satan . . . hy versoek **altyd!**

Wat bid ek dus as ek sê: "Lei my nie in versoeking nie"?

Ek bid: Here, lei my weë op aarde só dat die duiwel my nie **kan** versoek nie, en Here, ás ek deur die duiwel versoek word, gee my 'n sterk geloof om dit te weerstaan. Gee genade. Gee Jesus Christus.

Sien u waartoe bring Christus ons as Hy ons só leer bid:

- ek is só swak in myself dat ek op my eie krag géén versoeking ooit sal kan weerstaan nie;
- daarom gaan ek op my knieë en bid: Help my, Here, dat ek nie versoek sal word nie.

Nie God nie, maar Satan versoek. DUS: Hierdie gebed bring die mens tot selfondersoek in sy **soeke** na genade, sodat ek God ten tye van versoeking sal **soek**.

Ds. Nico Ligthelm

ONS DOODSVYANDE:

die duiwel, die wêreld en ons eie vlees

DAAR IS 'N STRYD OM TE STRY.

Waarom doen ek nog soveel sonde? Waarom word ek geteister deur soveel gewetenskwellinge? Waarom het ek soveel te ly vanweë die sonde? Dit is vrae, raaisels wat menige gelowige dikwels besig hou.

Dit klink vreemd dat 'n gelowige nog sonde doen en vanweë die sonde ly. Ons sou dit baie graag anders wou hê. Daar is ook vele in hierdie wêreld wat van die gelowige verwag om sondeloos te wees. Om hierdie rede sê baie "gelowiges": "Omdat ek bekeer is, doen ek geen sonde meer nie".

Die harde, smartlike werklikheid wat elke gelowige egter ondervind is dat hy nog nie geheel en al bevry is van die sonde nie. Solank as wat hy in hierdie lewe is, word hy aangeval deur drie doodsvyande: die duiwel, die wêreld en sy eie vlees.

DIE VYANDE

Daar is 'n geweldige mag teen die gelowige in aantog. Dit is nie 'n mag van vlees en bloed nie, maar dit is die bose geeste in die lug. Legioene van gevalle engele, almal listig en magtig, kom op die gelowiges aangestorm. Hulle is in staat om langs 'n geestelike weg sowel as op stoflike gebied in te werk op die denke, begeertes en wil van die mens. Hulle is daarop ingestel om die gelowige tot sonde te prikkel en hom na die verderf te lei. Hulle word opgestook, aangedryf en aangevuur deur die Satan — die mensemoordenaar en die brullende leeu wat soek wie hy kan verslind.

Onder aanvoering van die Satan word die ganse lewe van die mens betrek, ook dit wat die edelste in sy lewe is: huwelik, gesin, kerk, staat, kultuur en beskawing.

Die Satan is die vader van die leuen, en dit maak hom doodsgevaarlik. Hy verberg sy boosheid agter die gestalte van 'n engel van die lig. Hy maak asof hy ons welsyn op die hart dra terwyl hy eintlik met sondige, wêreldse dinge na ons kom soos dans, lotery, saamslaap, ensovoorts.

Hy vind 'n getroue bondgenoot in ons sondige hart. Hoe graag luister ons hart tog nie na die lokstem van die sonde nie. Ons maak die duiwel

Die Satan is die vader van die leuen. Hy verberg sy boosheid agter die gestalte van 'n engel van die lig.

se werk so maklik. Ons self gryp na boeke wat sy gif in ons siel drup en gaan na plekke waar hy heers.

DIE OORWINNING.

Hoe kan ek staande bly in hierdie ongelyke stryd? Alleenlik wanneer ek skuil by die almagtige God. By Hom kan ek skuil deur Jesus Christus. Tot Hom kan ek bid om versterk te word deur die krag van die Heilige Gees.

Hy wat biddend om krag by God skuil, gaan nie onder nie, maar bied weerstand teen die oormag totdat die oorwinning finaal behaal word.

Ds. R.V. Venter (Pietersburg)

Here, Hou my Staande!

Die lewe van elke gelowige op aarde impliseer stryd — geestelike stryd. Die Satan, die wêreld met sy verleidinge en ons eie swakheid bring voortdurend nuwe versoekinge op ons lewenspad.

Die aanslae teen die gelowige is onophoudelik en neem steeds in felheid toe.

Maar in hierdie stryd het God 'n magtige wapen tot die beskikking van sy kinders gestel:

Die gebed — en dan veral dié bede: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose."

Daarmee bid ons dat die Here ons sal staande hou en versterk deur die krag van sy Heilige Gees, sodat ons nie in hierdie geestelike stryd sal ondergaan nie.

Hierdie bede is 'n belydenis dat ons swakke mense onmagtig is om in hierdie stryd doeltreffend weerstand te bied. Teen al die versoekinge en verleidinge wat die Satan in werking stel om ons ondergang te bewerkstellig, is ons weerloos en nie daarteen bestand nie.

Maar met hierdie bede bely ons ook dat ons krag vir hierdie stryd alleen in Christus lê. En die krag van Christus waarsonder ons magteloos sou wees teen die aanslae van Satan, wil die Heilige Gees op hierdie bede aan ons skenk.

So lees ons in die Bybel: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4:13). En verder: "Die Heilige Gees kom ons in ons swakhede te hulp — Hy tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge" (Rom. 8:26).

Sonder dat ons gereeld opreg en gelowig bid "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose", sal ons gewis in hierdie geestelike stryd beswyk, sal ons ondergaan, sal ons slagoffers word van Satan met sy onheilige doelstellinge.

Geen mens kan in eie krag met die vuur van Satan speel sonder om verbrand te word nie.

Om jouself teenoor Satan te oorskat, is fataal!

Die ernstigste voorneme en die kragtigste wilsbesluit waarborg geen oorwinning in die uur van versoeking nie.

Wie op homself en op eie inherente krag vertrou, dié mens ken nog nie die verleidingskrag van die Satan nie.

Nie geloof in onself nie, maar geloof in God alleen wat deur Christus ons Vader geword het, is ons wapen in dié geweldige stryd.

Geen selfvertroue nie, maar alleen die vertrouwe in ons Vader wat in die hemel is, is ons behoud.

Nie eie inherente krag nie, maar alleen die krag van Jesus Christus wat ek deur sy Heilige Gees ontvang, hou my staande.

En daarom bid ons in Sy Naam: Vader, lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Die persoon wat hierdie bede ernstig bid, mag seker weet: God laat nie die werk van Sy hande vaar nie.

- Hy versterk my met krag uit die hoogte;
- Hy omgord my met die wapenrusting van die geloof;
- Hy ondersteun my in die stryd, totdat ek uiteindelik saam met Hom vir goed die oorhand behou.

Here, hou my asseblief staande!

Ds. Pieter van der Walt

SATAN — Teenstander

Laat jy toe dat daar op jou getrap word? Nie? Dan beteken dit dat jy teenstand bied.

Maar daar is teenstand en teenstand. Jy bied teenstand om staande te bly. Maar jy ondervind teenstand as 'n ander jou uit die pad wil kry. So staan God teenoor Satan.

Satan beteken teenstander. Alles wat God aangaan, staan Satan teë. As God jou beveel om lief te hê, dan wek Satan haat op. As jy wil goed doen, wek Satan jou op om kwaad te doen. Soek God vrede, verwek Satan twis. Tree jy in die huwelik om getrou te wees aan jou lewensmaat, dan wek Satan agterdog of selfs ontrouheid. Leer die Bybel ons dat ons in God moet glo, leer Satan my dat daar nie 'n God is nie.

En nou leer die Here Jesus ons bid: "...Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose."

Dan bid ek dat ek altyd teen Satan weerstand kan bied: teenstand kan bied teen die Teenstander. En wat 'n geweldige stryd is dit nie! Satan druk my met alle mag uit die koninkryk van God uit. Hy kom met sy versoekings na my toe. Satan wil my vernietig. Satan wil my van die ewige lewe afsny en my in die ewige verdoemenis vasketting.

As Christus my leer: "So moet julle **bid...**", dan wek Satan net twyfel by my: "Sal dit help as ek bid?"

So speel ek myself in die hand van God se teenstander - Satan.

En teen die Teenstander moet ons met ons liggaam en gees kragtig weerstand bied. Self kan ek dit nie doen nie. Al bied ek met alles wat in my is teenstand, met al my krag, met al my woorde, met al my gedagtes en met al my vermoëns, sal ek oorrampel word deur Satan se groter krag en brutale listigheid.

Hierdie gebed laat my, my afhanklikheid besef, want Satan is **magtig**, maar God is **almagtig**.

So sing Dawid in Psalm 16: Welgeluksalig is almal wat by **Hom** skuil. God alleen kan Satan neerwerp. Ook in my lewe.

Wanneer ek bid "verlos ons van die Bose," bid ek dit soos 'n swakke kind teenoor sy **sterke** vader, dat my hemelse Vader my sal dra om 'n teenstander van Satan te bly.

Satan wil my van die ewige lewe afsny en my in die ewige verdoemenis vasketting.

Met **Help my, HERE, dat ek kan lewe**, buig ek met Psalm 40 in aanbidding.

Wat 'n voorreg om dit alles van die almagtige God te bid: Want aan U behoort die **koninkryk** en die **krag** en die **heerlikheid** tot in ewigheid.

Dit is waar en seker. Daarom sê ek **Amen** daarop.

Ds. Andries H. Mulder